

Jan Steyn preek 21 Januarie 2018

Teks: Hebreërs 12:1-3

Tema: Volharding

Inleiding:

Om kind van die Here te wees en om te lewe is soos wedloop- nie sprint, nie middellafstand- marathon. Iets wat vasbyt of volharding vra.

Ons elkeen se wedloop lyk anders:

As julle by die kleure-atletiek aan die 1200 deelneem hardloop elkeen dieselfde wedloop- drie keer om die baan. Mense wat die Kaapstad marathon hardloop almal dieselfde roete en almal hardloop ewe ver. In die wedloop van die geloof of die lewe verskil ons wedlope. Party van ons gaan ons hele lewe dalk baie gesond wees- iemand anders gaan dalk swak gesondheid geniet. Party van ons gaan ons ouers vroeg verloor en ander gaan oud word met albei ouers wat nog lewe. Party van ons gaan ons besigheid of plaas of huis verloor en dit gaan nie met iemand anders gebeur nie. Sommige mense gaan skei en ander gaan saam oud word. Sommige mense gaan in omtrent alles presteer en vir iemand anders pla dit nie om net hul gang te gaan en nêrens uit te staan nie. Sommige van ons sal altyd goeie verhoudings met ons ouers of familie hê en vir ander gaan dit nooit gebeur nie. Ons wedlope sal ook nie almal ewe lank wees nie- sommige van ons se wedloop is 16 jaar en iemand anders se wedloop 37 jaar en 'n ander een se wedloop 90 jaar. Ons hardloop as kinders van die Here of in die lewe nie almal presies dieselfde wedloop nie.

In alle marathons is daar goeie en slegte dele- in die lewe ook

Goeie dele en bad patches. Hoe lank is marathon? 42.2 km. Dis nogal ver. Die ouens wat weet en marathon gedoen het- goeie dele eerste paar km- nog vars en laaste paar km- amper daar. Moeilikste tyd so by 27 km- praat van die muur- jy voel of jy teen muur vashardloop- jy het al ver gekom maar nog 15km om te gaan. Ook die beste marathonatlete in die wereld het iewers in hul wedlope slegter en beter stukke. Niemand voel ewe goed al 42km nie. Dis ook so in ons wedloop as kinders van die Here en in die wedloop van die lewe. Daar is goeie tye wat alles goed gaan. Maar daar is vir ons elkeen moeilike tye- jy is nie elke jaar in klas of juffrou of meneer wat jy graag by wou wees nie. Jy kry nie altyd die punte of die span wat jy graag wou maak nie. Maatjies is nie altyd nice met jou nie. Daar is iemand by die werk met wie jy nie oor die weg kom nie. Jy raak siek, jy kry depressie, jy verloor jou werk, jy moet van werk verander en julle gesin moet trek.

Dean Karnazes is een van die bekendste ultramarathon atlete in die wereld. Dis nou mense wat al verder as 50 myl of so tagtig kilometer in een slag gehardloop het. Dean Karnazes het al verder as 350 km in een slag gehardloop. Ek het iets in die boek oor sy lewe gelees wat my diep getref het: **Somehow we have confused comfort with happiness.** (Dalk prentjie van Dean met hierdie aanhaling by?) Ons het gedink gemak en geluk is dieselfde ding. Dit beteken ons het gedink solank ek gemaklik voel en dit gaan met my goed en ek het min probleme en uitdagings is ek gelukkig. Maar in moeilike en swaar tye kan ons nie gelukkig wees nie. Dis nie waar nie-jy kan ook in swaar en moeilike tye gelukkig wees.

Die gesindheid waarmee ons deelneem:

Die gesindheid waarmee moet deelneem is volharding. Dis om aan te hou al gaan dit swaar. Jy het nie volharding nodig as jy maklik hardloop nie- nodig as jy moeg is en swaarkry. Dis vir daardie derde rondte van die 1200 of 1500 m.

As ek die dag gaan draf en dink- ek sal kyk hoe ek voel en dit sal bepaal hoe ver ek gaan draf. Twee km of miskien drie! As ek besluit het ek gaan 7 km draf maak nie saak hoe swaar ek kry of hoe lank dit my vat nie, doen ek 7 km. Dit gaan oor gesindheid.

Ons moet onnodige laste afgooi vir die wedloop:

Ek gaan na kerk huis toe hardloop. Kan ek? Ek het dan my tekkies aan. Nee, ek moet my hardloopklere gaan aantrek voor ek gaan hardloop. In die wedloop van die geloof moet ons ook onnodige goed afgooi. Hier staan elke las en die sonde. So die las hier is nie sonde. Die las vir die Jode wat hier Christene geword het, was hul verlede- hul Joodse manier van dink en hoe hulle as mense van die Joodse wet God en ander mense gesien het. Baie keer is ons grootste las ook ons verlede- die foute van die verlede wat ons wil bly herhaal, die slegte dinge wat ons aan ander gedoen het of hulle aan ons gedoen het en waar ons nie onself kan vergewe nie en nie ander kan vergewe nie. Sonde is ook soos hierdie las- dit hou ons terug- dit maak dat ons nie vir God of ander mense lekker in die oë kan kyk nie en vul ons met skuldgevoelens en skaamte oor ons sonde. Die Here wil hierdie las van ons kom aftel.

Ons hardloop nie alleen nie:

In die wedloop by die kleure-atletiek is dit nogal belangrik wie wen- hoe meer mense jy weg kan hardloop en hoe beter jou posisie, hoe meer punte kry jou span.

As jy in hierdie wedloop as kind van die Here is, gaan dit oor wie saam met jou hardloop as vir wie jy almal weg kan hardloop. Daar is natuurlik ander kinders van die Here wat saam met jou in die wedloop

is. Daar is die mense wat voor ons al kinders van die Here was en al oorlede is. Hulle is vir ons voorbeelde van mense wat die Here vertrou het en tot aan die einde van hulle lewens op Hom vertrou het. Ons lees van hulle in Hebreërs 11: Abraham, Moses en Ragab en andere. My ouma en my pa wat al oorlede is, is deel van hierdie groot skare geloofsgetuies wat vir my die voorbeeld gestel het dat jy op die Here kan vertrou. Die groot skare geloofsgetuies is nie hier toeskouers nie- ons met vir hulle kyk en nie hulle vir ons nie.

Die grootste geloofsgetuie van almal is Jesus- Hy het end uit God se plan vir Hom en vir ons redding uitgevoer- tot aan die kruis en het God vertrou dat Hy Hom uit die dood kom opwek. Hy is die begin van ons geloof- net omdat Hy vir ons gesterf het en opgestaan het, kan ons kinders van die Here wees. Hy is ook die Voleinder van ons geloof- ons neem aan die wedloop deel in SY krag en met SY Gees wat in ons leef en so is Hy by ons tot ons eendag by die wenpaal kom. Hy het klaar die oorwinning oor die dood en die sonde behaal en so sal elkeen wat aan Hom behoort en in Sy krag leef dit ook doen. Daarom is ons oog nie eerstens op die mense wat saam met ons hardloop nie, ook nie op hulle wat al klaar gehardloop het nie, maar op Hom. Hy wat volhard het toe mense Hom aangekla en beskuldig en gemartel het. Om na Hom te kyk is ander woorde om te sê vertrou Hom- dan raak jy nie moeg en sak uit in die wedloop nie.

Ek het julle hierdie video aan die begin van die pa en die seun gewys omdat dit my aan Jesus laat dink het. Sy wedloop is klaar- dis hoekom Hy aan die kruis uitgeroep het- dis volbring, dis klaar. Maar Hy is soos die pa in die video clip wat op die baan kom om my ook tot by die wenpaal te help. Hy wag nie net by die wenpaal vir jou en my nie. Hy is saam met ons tot daar en help ons tot daar. Ek sluit af met die Boodskap se vertaling: Hy (Jesus) het vir ons gewys wat dit beteken om op God te vertrou en Hy sal ons tot die einde daarmee help, soda tons geloof sal bly wat dit behoort te wees. Daarom kan ek en jy kan sien vir ons wedloop.

Amen